SAKE 24 (Beeld)
Wednesday, 25 February 2009, p. 7

Vingerafdruk-leser bespoedig navrae

Carin Smith, Kaapstad

Werkgewers hoef nie meer weke lank te wag om te hoor of 'n voornemende werknemer 'n misdaadrekord het nie.

Tans behels die proses 'n nie-elektroniese stelsel waarvolgens lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) mense se name en ID-nommers met 'n databasis van misdaadrekords moet vergelyk. Dit kan weke duur voordat 'n antwoord op 'n navraag verskaf kan word.

As daar onsekerheid heers, word voornemende werknemers gevra om na 'n polisiekantoor te gaan om hul vingerafdrukke op papier te laat neem sodat uitsluitsel verkry kan word.

Danksy 'n spesiale vingerafdruk-leser wat aan 'n mensehulpbron-beampte se rekenaar gekoppel word, kan die navraag egter elektronies gedoen word en 'n aanvanklike "negatiewe of moontlik positiewe" uitslag binne 48 uur verkry word.

LexisNexis, 'n internasionale uitgewer van onder meer regspublikasies en -tegnologie, se afdeling vir risikobestuur is die diensverskaffers van die Refcheck-stelsel vir mensehulpbron-departemente.

Me. Samantha Mudaly (links), LexisNexis se bestuurder van menslike hulpbronne, laat haar vingerafdruk elektronies inlees, terwyl me. Nelly Mlambo, LexisNexis se direkteur van mensehulpbronne, die navraag behartig.

Daarmee kan verskeie navrae gedoen word – benewens misdaadrekords ook oor onder meer akademiese rekords, kredietverslae en rybewyse. Tans word RefCheck al deur meer as 1 000 maatskappye gebruik.

Die outomatiese vingerafdrukstelsel (Afis) wat deur die SAPD in die Wes-Kaap ingefaseer gaan word, is oor die afgelope drie jaar in opdrag van die regering deur die biometriemaatskappy Ideco Group ontwikkel. Dit bevat meer as 7 miljoen vingerafdrukke van mense met 'n misdaadrekord en word reeds deur die departement van binnelandse sake gebruik.

Mnr. Yusuf Aboojee, handelsmerkbemarker van LexisNexis in Suid-Afrika, sê 'n stelsel wat van vingerafdrukke gebruik maak, is baie veiliger as ander, want selfs identiese tweelinge – en selfs klone – se vingerafdrukke verskil.

Volgens mnr. Billy Last, uitvoerende hoof van LexisNexis, neem die SAPD se huidige stelsel baie polisiebeamptes se tyd in beslag – tyd wat eerder aan polisiëringstake bestee kan word.

Supt. Andrè Traub, woordvoerder van die SAPD in die Wes-Kaap, het bevestig dat beoog word om die stelsel in die Wes-Kaap in gebruik te neem, maar dat 'n datum vir die inbedryfstelling nog nie vasgestel nie. Hy sê die lede van die SAPD se plaaslike misdaadrekord-sentrum sal na elders oorgeplaas word wanneer die stelsel in bedryf gestel is.